



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT

GRAAD 12

EKONOMIE

NOVEMBER 2010

PUNTE: 300

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 17 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord SES vrae soos volg in die ANTWOORDEBOEK:
 - AFDELING A: VERPLIGTEND
 - AFDELING B: Beantwoord enige DRIE van die vyf vrae.
 - AFDELING C: Beantwoord enige TWEE van die vier vrae.
2. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
3. Skryf die vraagnommer boaan elke antwoord neer.
4. Lees die vrae aandagtig deur en begin elke vraag op 'n NUWE bladsy.
5. Laat 2 – 3 reëls tussen onderafdelings van vrae oop.
6. Beantwoord die vrae in volsinne en maak seker dat die formaat, inhoud en konteks van jou antwoorde in ooreenstemming is met die kognitiewe vereistes van die vrae.
7. Beantwoord slegs die vereiste getal vrae. Addisionele antwoorde sal NIE nagesien word NIE.
8. Gebruik slegs swart of blou ink.
9. Nieprogrammeerbare sakrekenaars mag gebruik word.
10. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A (VERPLIGTEND)**VRAAG 1****50 PUNTE – 25 MINUTE**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A – C) langs die vraagnommer (1.1.1 – 1.1.12) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.1.1 Die afstand van die fluktuasie van 'n veranderlike vanaf die tendenslyn word deur die ... gemeet.

- A bewegende gemiddelde
- B amplitude
- C frekwensie

1.1.2 Die openbare sektor in Suid-Afrika het ... vlakke.

- A twee
- B vyf
- C drie

1.1.3 Die waarde van die vermenigvuldiger vermeerder as die marginale geneigdheid om te ... toeneem.

- A verbruik
- B spaar
- C investeer

1.1.4 'n Oligopolie kan beskryf word as 'n markstruktuur met ... besigheid (besighede)/firma(s).

- A een
- B 'n paar
- C baie

1.1.5 Maksimum wins word verdien by die punt waar die marginale inkomste gelyk is aan ...

- A gemiddelde koste.
- B totale koste.
- C marginale koste.

1.1.6 'n Voorbeeld van 'n kartel is ...

- A die Organisasie van Petroleumuitvoerende Lande (OPUL).
- B Coca-Cola.
- C Pick n Pay.

- 1.1.7 Die doelwit van die ... is om Afrika te ontwikkel as 'n ekonomiese en monetêre unie.
- A Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (SAOG)
 - B Europese Unie (EU)
 - C Afrika-unie (AU)
- 1.1.8 Klein, medium en mikro-ondernemings (KMMO's) skep werksgeleenthede vir ... werklose mense.
- A seisoenale
 - B strukturele
 - C wrywings-
- 1.1.9 Ekonomiese ontwikkeling het hoofsaaklik 'n impak op ...
- A die lewenstandaard.
 - B die reële bruto binnelandse produk.
 - C totale aanbod.
- 1.1.10 As gevolg van inflasie het die koopkrag in 2009, in vergelyking met 1995, ...
- A gestyg.
 - B gedaal.
 - C onveranderd gebly.
- 1.1.11 Die ... -sektor skep die meeste werk wêreldwyd.
- A toeriste
 - B boerdery
 - C telekommunikasie
- 1.1.12 Kweekhuisgasse vorm deel van ...-besoedeling.
- A water
 - B land
 - C lug
- (12 x 2) (24)

- 1.2 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings deur 'n term uit die lys hieronder te kies. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (1.2.1 – 1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

depressie; ongereguleerde mark; bruto binnelandse produk (BBP);
 swart ekonomiese bemagtiging (SEB); swak infrastruktuur;
 'n goeie infrastruktuur; gereguleerde mark; Asgisa;
 bruto binnelandse besteding (BBB)

- 1.2.1 Die totale waarde van alle finale goedere en dienste binne die grense van 'n land geproduseer
- 1.2.2 Hoë werkloosheid, lae lone en 'n daling in die koopkrag van huishoudings
- 1.2.3 'n Mark sonder enige owerheidsinmenging
- 1.2.4 'n Regstellende-aksie-beleid toegepas deur die Suid-Afrikaanse regering
- 1.2.5 'n Rede vir die ontwikkeling van die toeristebedryf (5 x 2) (10)

- 1.3 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B om by 'n item in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A – I) langs die vraagnommer (1.3.1 – 1.3.8) in die ANTWOORDEBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.3.1	Maatskaplike dienste	A	produseer gegewe goedere teen 'n laer insetkoste as ander lande
1.3.2	Vergelykende voordeel	B	teen 'n prys laer as gemiddelde koste (GK)
1.3.3	Sluitingspunt	C	'n aanwyser van inflasie
1.3.4	Marginale koste	D	die doelwitte van die owerheid om die lewensbestaan van armes te verbeter
1.3.5	Dualisties	E	koste aangegaan wanneer produksie met 'n addisionele eenheid styg
1.3.6	Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB)	F	storting van afvalmateriaal
1.3.7	Omgewings-besoedeling	G	teen 'n prys laer as gemiddelde veranderlike koste (GVK)
1.3.8	Verbruikersprys-indeks (VPI)	H	die monetêre owerheid in Suid-Afrika
		I	'n land waar 'n ontwikkelde komponent tesame met 'n ontwikkelende komponent bestaan (8 x 2) (16)


TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

Beantwoord enige DRIE van die vyf vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

VRAAG 2**50 PUNTE – 25 MINUTE**

- 2.1 Kies die korrekte woord uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (2.1.1 – 2.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.
- 2.1.1 Die situasie waar 'n verandering in besteding 'n groter as proporsionele verandering in totale vraag veroorsaak, is die (vermenigvuldiger/ marginale verbruiksgeneigdheid).
- 2.1.2 (Beperkende/Ekspansionistiese) fiskale beleid bevorder ekonomiese aktiwiteit.
- 2.1.3 (Nasionalisering/Privatisering) is 'n proses waardeur ondernemings in staatsbesit aan individue verkoop word.
- 2.1.4 Lande met volgehoue betalingsbalansprobleme word gewoonlik deur die (Wêreldbank/Internasionale Monetêre Fonds) bygestaan. (4 x 2) (8)
- 2.2 Noem die DRIE ekonomiese aanwysers wat gebruik word in die vooruitskatting van sakesiklusse. (3 x 2) (6)
- 2.3 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



- 2.3.1 By watter punt op die grafiek vind die ewewig vir buitelandse valuta oorspronklik plaas? (2)
- 2.3.2 Wat gebeur met die vraag na dollars wanneer 'V' verskuif na 'V₁'? Gee EEN rede. (4)
- 2.3.3 Wat gebeur met die waarde van die rand as 'V' verskuif na 'V₁'? Motiveer jou antwoord. (4)

2.4 Bestudeer die tabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

RUILVOET			
Jaar	Indeks van uitvoerpryse	Indeks van invoerpryse	Ruilvoet
2005	100	100	100
2010	105	101	A

- 2.4.1 Bereken die ruilvoet vir **A**. Toon ALLE berekeninge. (3)
- 2.4.2 Wat beteken 'n afname in die ruilvoet? (2)
- 2.4.3 Wat is die basisjaar volgens die tabel? (2)
- 2.4.4 Beskryf die beweging van die ruilvoet van 2005 – 2010. (3)
- 2.5 Verduidelik *lekkasies* en *inspuitings*. (8)
- 2.6 Bespreek die Monetaristiese benadering as 'n oorsaak van sakesiklusse. (8)
- [50]

VRAAG 3**50 PUNTE – 25 MINUTE**

- 3.1 Kies die korrekte woord uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (3.1.1 – 3.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.
- 3.1.1 Samespanning is tipies van 'n (oligopolistiese/monopolistiese) mark. (4 x 2) (8)
- 3.1.2 Die mark vir water en elektrisiteit is 'n voorbeeld van 'n (natuurlike/kunsmatige) monopolie.
- 3.1.3 Die vraagkurwe van 'n volmaakte mededinger is dieselfde as sy marginale (inkome/koste)-kurwe.
- 3.1.4 Die markaanbod kan (beheer/nie beheer) word deur die monopolis. (3 x 2) (6)
- 3.2 Noem enige DRIE kenmerke van monopolistiese mededinging. (3 x 2) (6)
- 3.3 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

R53 MILJOEN BOETE VIR PRYSVASSTELLING***SAMESPANNING: Gesondheidsgroepe manipuleer pryse van mediese voorraad***


Tiger Brands se HUB ('CEO') sê hul firma is 'ontsteld en in die verleentheid gestel' deur Adcock Ingram Critical Care (AICC) se betrokkenheid by samespanning, waarvoor hulle 'n R53 miljoen-boete moet betaal. Dit volg na gister se aankondiging dat AICC erken het dat hulle betrokke was by samespannende tenders saam met hul mededingers, vir 'n staatstender vir binne-aarse mediese produkte.

Die Mededingingskommissie sê die boete wat hulle AICC opgelê het, is gelykstaande aan agt persent van die afdeling se jaarlikse omset, en dat die boete die hoogste is wat tot dusver opgelê is – persentasiegewys – vir samespannende optrede. Die kommissie het die saak na sy susterliggaam – die Mededingingstribunaal verwys, om die bevel te bevestig.

[Aangepas uit: *Business Times*, 2007]

- 3.3.1 Noem TWEE doelwitte van die mededingingsbeleid in Suid-Afrika. (4)
- 3.3.2 Verduidelik die rol wat die Mededingingstribunaal speel rakende die AICC se anti-mededingende optrede. (3)
- 3.3.3 Watter liggaam/instelling kon die AICC genader het indien hulle nie tevrede was met die boete opgelê deur die Mededingingstribunaal nie? (3)

3.4 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



- 3.4.1 Watter tipe mark word deur die grafiek voorgestel? (2)
- 3.4.2 Verduidelik hoe prys in die mark hierbo vasgestel word. (4)
- 3.4.3 Kopieer die grafiek hierbo in die ANTWOORDEBOEK en toon wat sou gebeur as nuwe firmas tot hierdie mark toetree. (4)
- 3.5 Bespreek hoe nie-prysmededinging die optrede van oligopolieë beïnvloed. (8)
- 3.6 Teken 'n volledig benoemde grafiek om ekonomiese wins vir 'n monopolis oor die kort termyn te illustreer. (8)
- [50]**

VRAAG 4**50 PUNTE – 25 MINUTE**

- 4.1 Kies die korrekte woord uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (4.1.1 – 4.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.
- 4.1.1 Die (Wêreld Handelsorganisasie/Wêreldbank) help om vryhandel te bevorder deur lande te oorreëde om invoertariewe af te skaf.
- 4.1.2 Die (Europese Unie/Nuwe Vennootskap vir Ontwikkeling in Afrika) speel 'n sentrale rol in die bevordering van ekonomiese herstel in Afrika.
- 4.1.3 Die groei, indiensneming en herverdelingsprogram formuleer algemene ekonomiese (riglyne/strategieë).
- 4.1.4 Die (menslike/armoede)-ontwikkelingsindeks fokus op 'n lang en gesonde lewe, om geskoolde te wees met 'n aanvaarbare lewenstandaard. (4 x 2) (8)
- 4.2 Noem enige DRIE argumente ten gunste van vryhandel. (3 x 2) (6)
- 4.3 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**DEPARTEMENT VAN HANDEL EN NYWERHEID SAL STREEKSONTWIKKELING
BESPOEDIG**


Die Ondernemings- en Nywerheidsontwikkelingsafdelings (ONOA) van die Departement van Handel en Nywerheid se doel is om leiding te verskaf in die ontwikkeling van beleid en strategieë wat 'n gunstige omgewing vir mededingendheid, gelykheid en ondernemingsontwikkeling skep.

Aansporings wat voldoen aan die doelwitte van die ONOA's, sluit KIP en NOS's in. Die NOS's word verbind met die groot internasionale lughawes en hawens. Teen die middel van 2008 was daar NOS's by Koega in Oos-Londen, by Richardsbaai in KwaZulu-Natal en een wat verbind is met die OR Tambo Internasionale Lughawe in Gauteng.

[Aangepas uit: SA Jaarboek, 2008/2009]

- 4.3.1 Wat beteken die afkorting NOS? (2)
- 4.3.2 Noem enige DRIE doelwitte van die NOS's in die Suid-Afrikaanse ekonomie. (6)
- 4.3.3 Wat is die doel van die ONOA? (2)

4.4 Bestudeer die spotprent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



4.4.1 Verduidelik kortliks die Noord-Suid-verdeling soos geïllustreer in die spotprent hierbo. (4)

4.4.2 Verduidelik die negatiewe effekte van globalisering op Suid-Afrika. (6)

4.5 Bespreek storting as 'n argument ten gunste van beskerming. (8)

4.6 Bespreek die verskil tussen *ekonomiese groei* en *ekonomiese ontwikkeling*. (8)
[50]

VRAAG 5**50 PUNTE – 25 MINUTE**

- 5.1 Kies die korrekte woord uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (5.1.1 – 5.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.
- 5.1.1 As totale besteding in die ekonomie vinniger as produksie toeneem, kom (vraagtrek/kostedruk)-inflasie voor.
- 5.1.2 'n Daling in die algemene prysvlak word (deflasie/stagflasie) genoem.
- 5.1.3 Globalisering verskaf 'n inspuiting aan (nasionale/internasionale) toerisme.
- 5.1.4 Omgewingsbelasting is 'n voorbeeld van 'n (staats/mark)-verwante maatreël om volhoubaarheid te verseker. (4 x 2) (8)
- 5.2 Noem enige DRIE kenmerke van kostedrukinflasie. (3 x 2) (6)
- 5.3 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

'N MOEILIKE VANGS

Die onophoudelike jag van tuna benadeel nie net die visse nie, maar ook besighede, verbruikers en die planeet, want as jy die roofdiere onttrek, sal daar 'n wanbalans in die ekosisteem ontstaan.


In vergelyking met 1950 toe 600 000 ton tuna wêreldwyd gevang is, was verlede jaar se syfer van 6 miljoen ton verstommend! By die wêreld se grootste tunamark in Tsukiji, word tuna daagliks teen \$50 per kg verkoop. Met die besef dat 'n Blouvin vir dekades kan leef, en meer as 3 m lank kan word, met 'n gewig van meer as 680 kg, kan dit as 'n tydelike geldmaak-masjien gesien word.

Die jag is genadeloos – die hele voedselketting word omvergewerp. 'n Proses wat nie deur lande beheer word nie, maar deur maatskappye wat slegs omgee vir die bedryf en die behoud van hul werk. Miskien is die enigste oplossing om Greenpeace of die WWF te ondersteun om marienereserwes te verhoog en dié wat alreeds bestaan doeltreffender te bestuur.

[Aangepas uit: *Time* tydskrif, 9 November, 2009]

- 5.3.1 Volgens jou, hoe sal die genadelose jag van tuna die verbruiker benadeel? (3)
- 5.3.2 Waarom word tuna as 'n geldmaak-masjien beskou? (3)
- 5.3.3 Gee enige TWEE oplossings vir die probleem wat in die uittreksel hierbo genoem word. (4)

5.4 Bestudeer die spotprent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



- 5.4.1 Beskryf die boodskap in die spotprent hierbo. (2)
- 5.4.2 Noem EEN instrument van die fiskale beleid om inflasie te bekamp. (2)
- 5.4.3 Wat is die inflasieteiken in Suid-Afrika? (2)
- 5.4.4 Dink jy dat die inflasieteiken haalbaar is? Verduidelik. (4)
- 5.5 Onderskei tussen hernubare en nie-hernubare bronne. (8)
- 5.6 Verduidelik *hiperinflasie* en *stagflasie*. (8)
- [50]**

VRAAG 6**50 PUNTE – 25 MINUTE**

- 6.1 Kies die korrekte woord uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (6.1.1 – 6.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.
- 6.1.1 Reële en geldvloei beweeg in (dieselfde/teenoorgestelde) rigtings.
- 6.1.2 Produksiefaktore word in die (hulpbron/geld)-mark verkoop.
- 6.1.3 Wanneer 'n land meer goedere en dienste produseer as in die vorige jaar, staan dit as ekonomiese (groei/inkrimping) bekend.
- 6.1.4 Die vernaamste elektrisiteitsvoorsiener in Suid-Afrika is (Eskom/Sasol). (4 x 2) (8)
- 6.2 Noem DRIE metodes vir die berekening van die bruto binnelandse produk. (3 x 2) (6)
- 6.3 Bestudeer die tabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

NASIONALE INKOME- EN PRODUKSIEREKENINGE VAN SUID-AFRIKA

	2009 R miljoene
Vergoeding van werknemers	1 086 907
Netto bedryfsurplus	728 426
Vastekapitaal-verbruik	332 824
Bruto waarde toegevoeg teen faktorkoste	2 148 157
Plus ander belastings op produksie	38 173
Min ander subsidies op produksie	5 092
Bruto waarde toegevoeg teen basiese pryse	2 181 238
Belastings op produkte	245 198
Min subsidies op produkte	3 113
Bruto binnelandse produk teen markpryse	2 423 323

[Bron: SARB, Kwartaalblad, Maart 2010]

- 6.3.1 Verduidelik die item *subsidies op produkte*. (3)
- 6.3.2 Verduidelik die item *vastekapitaal-verbruik*. (3)
- 6.3.3 Bereken die vergoeding van werknemers as 'n persentasie van BBP teen markpryse. Toon ALLE berekeninge. (4)

6.4 Bestudeer die tabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

LEWENSVERWAGTING EN VOLWASSE GELETTERDHEID IN SUID-AFRIKA

PROVINSIE	LEWENSVERWAGTING BY GEBOORTE (JARE)	VOLWASSE- GELETTERDHEIDSKOERS (%)
Oos-Kaap	60,41	76,47
Vrystaat	52,78	88,77
Gauteng	59,62	98,13
KwaZulu-Natal	52,98	89,17
Mpumalanga	53,49	79,42
Noord-Kaap	55,62	83,79
Limpopo	60,10	73,16
Noordwes	53,29	95,76
Wes-Kaap	60,83	95,76

[Bron: SAIRR, 2009]

6.4.1 Definieer die term *lewensverwagting*. (3)

6.4.2 Watter provinsie het die hoogste lewensverwagting? (3)

6.4.3 Gee TWEE moontlike redes vir 'n lae volwassegeletterdheids-koers. (4)

6.5 Bespreek die rol van huishoudings (verbruikers) in die ekonomiesekringloop-model. (4 x 2) (8)

6.6 Bespreek kapitaal en tegnologie as faktore wat nodig is vir ekonomiese groei. (2 x 4) (8)
[50]

TOTAAL AFDELING B: 150

AFDELING C

Beantwoord enige TWEE van die vier vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

I. Opstelantwoorde:

- Behoort 'n inleiding, inhoud en gevolgtrekking in te sluit.
- Vir die inleiding en gevolgtrekking sal 5 punte toegeken word.
- 'n Verdere 5 punte sal vir die interpretasie van die onderwerp toegeken word.
- 'n Maksimum van 40 punte sal vir die inhoud toegeken word.

II. Nie-opstelantwoorde:

- Kan die volgende insluit: formele briewe, notules, verslae of memorandums.
- Vyf punte sal vir die interpretasie van die onderwerp toegeken word.
- 'n Verdere 5 punte sal vir die formaat toegeken word.
- 'n Maksimum van 40 punte sal vir die inhoud toegeken word.

VRAAG 7**50 PUNTE – 40 MINUTE**

As gevolg van probleme ondervind in die Departement van Openbare Ondernemings, stuur Minister Nomsa Dlamini 'n memorandum aan die personeel van haar departement om die noodsaaklikheid van die openbare sektor en die makroekonomiese doelwitte van die staat in besonderhede te bespreek.

Skryf die memorandum namens mev. Nomsa Dlamini.

[50]**VRAAG 8****50 PUNTE – 40 MINUTE**

Bespreek VYF redes vir markmislukkings en beskryf kortliks die Suid-Afrikaanse regering se poging om inkomeverdeling te verbeter.

[50]**VRAAG 9****50 PUNTE – 40 MINUTE**


Bespreek en assesseer die ekonomiese aanwysers soos hieronder uiteengesit in terme van die stand van die Suid-Afrikaanse ekonomie.

EKONOMIESE AANWYSERS MEET DIE PRESTASIE VAN DIE EKONOMIE

	2008	2009
R(BBP) – %-verandering	-2%	-6%
PER CAPITA R(BBP)	R22 622	R23 403
VPI	9,0%	6,2%
REPOKOERS	10,5%	7,5%
GINI-KOËFFISIËNT	57,8	57,8

[Ekonomiese aanwysers vir Suid-Afrika, *Kwartaalblad SARB*, Junie 2009]

[50]

VRAAG 10**50 PUNTE – 40 MINUTE**

Bespreek die positiewe invloed van toerisme en beklemtoon die bydrae van die 2010 Wêreldbeker-sokkertoernooi op die Suid-Afrikaanse ekonomie.

[50]

TOTAAL AFDELING C:	100
GROOTTOTAAL:	300